## 13 Augustus Matteus 5:21-26

### *Soek vrede in 'n stukkende wêreld*

Het u al gesien hoe 'n groot wond aan 'n liggaam genees? Van buite hou jy hom skoon, maar die genesing kom van binnekant af. God se wêreld is 'n groot wond toegedien met die sondeval en hierdie wond het vinnig begin verrot. God het met die koms van Christus die hele proses van verrotting gestuit en het 'n ommekeer bewerk. Intussen is God besig met genesing van hierdie wond en Hy gebruik al sy kinders daarvoor. God se metode is om die wond van binne te begin genees. Daarom roep Hy in die eerste plek sy kinders om Hom te verheerlik deur onderlinge vrede te soek in 'n stukkende wêreld.

Herstelde verhoudinge, vrede en versoening tussen gelowiges is vir die Here só belangrik dat Hy sê Hy is bereid om te wag vir jou offers aan Hom as jy eers bereid is om te versoen met jou naaste. Ons kan die Here ons God op geen beter manier verheerlik in so stukkende wêreld as om in vrede met mekaar te lewe nie. As ons dit najaag in al ons verhoudinge is ons besig om hierdie stukkende wêreld van binne te genees en so word ons Hemelse Vader deur ons lewens verheerlik. Met wie het u op die oomblik slegte verhoudinge - vrou, u kind of 'n ander gelowige van 'n ander kerk of kultuurgroep? Die Here is bereid om te wag sodat daardie verhouding eers herstel kan word.

Sing: Psalm 133:1, 2 Ds. M.E. Schalekamp (Potchefstroom-Mooirivier)